



Verwysing: 2021 1026-7016
Lêerno.: 13/1
Navrae: Soos uiteengesit in tabel 7.3

Eksamenadministrasieminuut 0018/2021

Aan: Prinsipale, Sentrumbestuurders en Hoofopsieners vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

Onderwerp: Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen: Kriteria vir toelating tot die eksamen in Mei/Junie 2022 weens siekte, sterfte in die onmiddellike familie, of spesiale omstandighede tydens die NSS-eksamen in November 2021

1. Hierdie minuut gee 'n uiteensetting van die kriteria vir die toelating van kandidate tot die Mei/Junie 2022 Nasionale Senior Sertifikaat NSS-eksamen.
2. Hierdie minuut moet saamgelees word met regulasie 7B van die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* (gewysig) wat in *Staatskoerant* No. 42430 van 30 April 2019 gepubliseer is.
3. Die NSS-aanvullende eksamen sal gedurende Mei/Junie 2022 afgeneem word. Slegs leerders wat vir die NSS-eksamen in November 2021 geregistreer is, mag tot die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 toegelaat word.
4. Leerders wat sonder 'n geldige rede tydens die NSS-eksamen in November 2021 afwesig is, sal nie toegelaat word om vir vak/ke tydens die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 te registreer nie.
5. Leerders mag nie vir enige nuwe vakke vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 registreer nie. Hulle mag dus slegs vir die vakke registreer waarvoor hulle in die voorafgaande November NSS-eksamen geregistreer is.
6. Die kategorieë waarvolgens 'n leerder vir toelating tot die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 oorweeg kan word, is soos volg:

6.1 **Gevalle van siekte/mediese gevalle/ geval van sterfte in die onmiddellike familie**

6.1.1 'n Leerder wat tydens die NSS-eksamen in November 2021 siek is, swanger is, of siek word, en wat oor 'n geldige mediese sertifikaat beskik, sal toegelaat word om vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 te registreer.

6.1.2 'n Leerder wat 'n eksamen misloop omdat hy/sy positief getoets het vir COVID-19, of in noue kontak was met 'n bevestigde positiewe geval, en wat nie daartoe in staat is om sy/haar eksamen by die aangewese eksamensentrums te skryf wat vir hierdie doel ingestel is nie, sal toegelaat word om vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 te registreer.

6.1.3 'n Leerder kan kies om al die eksamens vir die vak of slegs die ontbrekende vraestel/le/ komponente van die vak af te neem wat hy/sy nie tydens die NSS-eksamen in November 2021 afgeneem het nie.

6.1.4 Die mediese sertifikaat moet die erns van die siekte bevestig en aan die vereistes van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voldoen. Die datum waarop die mediese sertifikaat uitgereik is, moet saamval met die datum waarop die leerder afwesig is.

6.2 In die **geval van sterfte** in die onmiddellike familie, word toelating tot die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 na goeddunke van die Hoof van die Departement bepaal. 'n Versoek om sodanige toelating moet vergesel wees van 'n brief deur die prinsipaal waarin aanbeveel word dat die betrokke leerder vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 geregistreer word. 'n Gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat en 'n beëdigde verklaring moet die aansoek vergesel wat die verwantskap tussen die oorledene en die kandidaat bevestig.

6.3 **Spesiale omstandighede**

6.3.1 Waar 'n leerder Suid-Afrika in 'n erkende sport verteenwoordig en om hierdie rede nie 'n eksamen kan skryf nie, mag hy/sy toegelaat word om met stawende bewyse vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 te registreer. Die leerder moet toesien dat hy/sy 'n amptelike brief van die sportliggaam verkry wat bevestig dat die leerder gekies is om die land gedurende 'n bepaalde tydperk te verteenwoordig.

6.3.2 'n Leerder wat vir die NSS-eksamen in November 2021 geregistreer is en weens beperkinge op reis nie na Suid-Afrika kan terugkeer om die eksamen in November 2021 af te neem nie, sal toegelaat word om die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 af te neem.

6.4 **Tersiêre onderrig**

As 'n leerder nie aan die vereistes van die NSS voldoen nie óf daaraan voldoen, maar graag sy/haar prestasie wil verbeter (hetsy ten opsigte van die vak, of die tipe slaag wat verwerf is), kan hy/sy registreer om die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 af te neem.

7. Waar kandidate tydens die NSS-eksamen in November 2021 weens siekte, sterfte van 'n onmiddellike familielid, of spesiale omstandighede afwesig is, moet die volgende prosedures gevolg word:
- 7.1 Die prinsipaal of hoofopsiener moet die kandidaat as afwesig merk en onderskeidelik "999" op die bywoningsregister en punteblad aanbring.
- 7.2 Die prinsipaal of hoofopsiener moet op die dag van die eksamen die leerder se eksamennommer en identiteitsnommer duidelik op die mediese sertifikaat, beëdigde verklaring en enige ander korrespondensie aanbring voordat dit by die WKOD se Hoofkantoor ingedien word.
- 7.3 Die tersaaklike dokumente, d.w.s. die mediese/doodsertifikate, moet elke *Learner Absentee Form (Bylae A)* vergesel en afsonderlik aan die WKOD se Hoofkantoor gestuur word en moet NIE aan die antwoordstel/antwoordboek geheg word NIE. Die vereiste dokumentasie kan geskandeer en per epos gestuur word, maar die oorspronklike dokumente moet binne sewe dae aan die WKOD se Hoofkantoor gepos of met die hand afgelewer word. Die dokumentasie moet aan die volgende amptenare gestuur word:

Distrik	Kontakpersoon	E-pos	Tel.
Metro-distrikte	George Valentine	George.Valentine@westerncape.gov.za	021 467 2360
	Ruth Hope	Ruth.Hope@westerncape.gov.za	021 467 2518
Landelike distrikte	Peggy Thomas	Peggy.Thomas@westerncape.gov.za	021 467 2930
	Patricia Liguma	Patricia.Ligma@westerncape.gov.za	021 467 2936

8. Alle leerders wat vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 kwalifiseer, moet 'n aansoekvorm voltooi. Die aansoekvorms vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022, kan na die bekendmaking van die November 2021 NSS-uitslae op 21 Januarie 2022 ingedien word. Die sluitingsdatum vir die NSS-eksamen in Mei/Junie 2022 is 31 Januarie 2022.
9. Leerders moet slegs by die eksamensentrum skryf waar hulle vir die November 2021 NSS-eksamen geregistreer is.
10. Bring asseblief die inhoud van hierdie eksamen-instruksie onder die aandag van alle personeel, leerders en ouers wat betrokke is by die NSS-eksamen in November 2021.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGBESTUUR

DATUM: 2021-10-28